

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 218**

(Geen datum)

## **Die Here is naby ons**

\* \* \* \* \*

"Loof God, loof sy Naam alom!  
Loof Hom in sy heiligdom!  
Loof die Heer se grote mag  
In die hemel van sy krag!"

(Psalm 150 berymd)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# DIE HERE IS VIR ONS LIEF

"Onverganklik is die liefde van die Here vir dié wat Hom dien." (Ps. 103:17)

Enige mens hou daarvan as ander mense van hom hou. Min dinge is vir 'n kind so gerusstellend as wanneer sy pa of ma vir hom sê: "Ek het jou lief" nie.

En as hy dit ook nog sien en ervaar, dan beteken dit vir hom soveel méér.

## GOD HET LIEF MET DADE

En nou sê die Here vir ons in Sy Woord dat Hy vir ons lief is — ja, baie lief! God is liefde. En alles wat Hy doen, is deurdrenk met liefde.

Die Here gee aan ons die opdrag om diegene waarvoor ons lief is, te tugtig. Wanneer die Here jou tugtig — sê nou maar met siekte of teëspoed — dan doen Hy dit weereens omdat Hy vir jou lief is.

In die besonder sien ons hoe God se liefde vir ons lyk deur dit wat ons Here Jesus Christus alles vir ons gedoen het. "God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê." (Joh. 3:16).

- Toe Christus hier op aarde was, het Hy liefde aan mense bewys deur die dooies op te wek, blindes te laat sien, kreupeles te laat loop en stommes te laat praat.
- In sy lyde vind ons dat God se liefde manifesteer waar Sy Seun, Jesus Christus, aan die kruis hang — en dit terwyl Hyself geen sonde gedoen of gehad het nie. God se liefde bestaan daarin dat Hy ons al ons sondes vergewe op grond van wat Christus alles vir ons gedoen het. In Christus reken Hy ons die kwaad wat ons doen, nie toe nie.
- En noudat Christus opgestaan het uit die dood en opgevaar het na die hemel, sit Hy Sy liefdeswerk voort: Hy bid, Hy pleit in die hemel by ons Vader vir ons vryspraak.

## GOD SE LIEFDE IS EWIG

God is ewig.

God se liefde is ook ewig. Sy liefde is onverganklik.

'n Mens se liefde kan verflou en afkoel. 'n Mens se liefde is baie onstabiel en wisselvallig.

Maar God ken geen verandering of omkering nie. Soos Hy jou vandag liefhet, het Hy jou môre en oormôre ook nog lief.

Die omvang van Sy liefde is só groot dat Hy daarin ook plek het vir jou en my sondes en gebreke. Ps. 117:2 lees ons:

"Sy liefde vir ons is *sterk*." Ja, só sterk dat nie eens die dood die liefdesband tussen ons en God kan verbreek nie. Selfs aan die anderkant van die graf is jy nog steeds syne.

- Van nature haat ons God. Maar deur Sy Heilige Gees se werk in ons maak Hy van ons nuwe mense, en keer Hy die haat in ons om tot liefde.

Hy het ons eerste liefgehad — en daarom kan ons Hom ook liefhê. Sy liefde vir ons is só sterk, dat dit deur ons haat heen breek.

\* Die klere wat u aantrek, die vrede wat u in u hart voel, die son wat oor u skyn, die oë waarmee u kyk, die gesondheid wat u geniet — dit alles is die bewys dat God vir u lief is.

Hy gee dit aan u met liefde!

- Onverdiende liefde
- Onveranderlike liefde

*Soos Hy jou vandag  
liefhet, het Hy jou môre  
en oormore ook nog lief.*

— Ewigdurende liefde

- \* Onder Sy liefde kan u en ek lewe en asemhaal en gelukkig wees.
- \* Deur Sy liefde kom God naby aan ons!

***Ds. A. H. Grové***

# DIE HERE IS NABY . . .

## DEUR SY GEES

Toe ons Here Jesus Christus Sy kerk in Joh. 16 onderrig en voorberei op Sy dood, opstanding en hemelvaart, sê Hy in vers 7:

"Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Heilige Gees nie na julle toe kom nie."

"En wanneer die Gees kom, sal Hy julle in alle waarheid lei" (vs. 13) En op Pinkster (Hand. 2) het die Heilige Gees na die Kerk op aarde gekom.

En só naby as wat Jesus aan Sy kind op aarde was — só naby is Sy Gees nou aan ons! Reeds in Psalm 143 bely Dawid dit:

DIE HERE IS NABY ONS . . . DEUR SY GEES!

En Dawid sê:

Dat die nabyheid van die Gees deur GEBED ervaar en bereik word. Want in Ps. 143 is Dawid benoud . . . dis vir hom donker in sy lewe . . . hy's eensaam en alleen.

En dan? Dan BID hy. Dawid gaan sit nie op 'n ashoop nie . . . hy verval nie in selfbejammering nie . . . hy gooi nie handdoek in nie . . .

Nee . . . Dawid weet: In tye van benoudheid en nood en eensaamheid gee God 'n instrument aan Sy kind — open God 'n weg, sodat jy Sy nabyheid kan ervaar: Die weg van GEBED! Daarom sê hy in vers 6:

"Ek strek my hande uit in gebed na U toe."

"Laat u goeie Gees my op 'n gelyk pad lei" (vers 10)

God is ook naby jou, geliefde Leser, deur sy Gees . . . tensy jy bid! Want die apostel Paulus sê in Rom. 8:20:

"Ons weet nie wát en hoé ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge." Ja, sê Paulus in vers 27:

"Die Gees pleit vir die gelowiges." Ook die Apostel Judas sê in sy brief, vers 20:

"Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees." En daarby gebruik God Sy Heilige Gees as Trooster om Sy kind . . .

- by te staan in nood
- te troos in beproewing
- te lei in die waarheid van die Woord
- geloof te skenk deur die prediking van die Bybel.

En al hierdie gawes ontvang 'n mens deur die Heilige Gees as jy sonder ophou God daarvoor vra en daarvoor bid. Lees gerus Matt. 7, Lukas 11 en I Tes. 5.

En mag jy en ek en elke gelowige dit intens ervaar en bely.

God is naby ons deur Sy Heilige Gees . . . ja, veral as ons bid!

- Want dan hóór die Gees . . .
- lei Hy ons in ons woorde en denke . . .
- dra Hy ons gebed na die Vaders troon . . .
- tree Hy vir ons in by God.

**Ds. Nico Ligthelm**

# Die Here is naby deur sy Woord

So maklik kan 'n mens sê — jy is alleen. Tog is die mens nooit alleen nie. God is naby jou.

God is naby jou deur Sy Woord. God is op baie maniere naby aan jou. Een van die maniere is deur Sy Woord. Jy is ver van God af as jy weg van Hom af gaan deur Sy Woord te verontagsaam, as jy blind is vir Sy Woord, as jy doof is vir Sy stem in Sy Woord.

Maar God kom na jou toe en is naby jou deur Sy Woord. God bring Sy Woord in jou eie taal na jou toe. Sy geskrewe Woord kan jy lees, Sy gesproke woord kan jy hoor.

Liewe Leser, kom ons lees wat sê God van Sy Woord in die boek Psalms:

Ps. 19:8

Die Woord van die Here is volmaak: dit gee lewe.

Ja, die Woord van die Here is duidelik, helder en verstaanbaar. Dit is volmaak. Die woord van die Here gee lewe, die lewe wat vir u so kosbaar is. Die lewe wat alles inhou kom van die Here af deur Sy Woord.

Ps. 119:130

"Wanneer U Woord vir mense oopgaan bring dit lig, dit gee insig aan die wat nog onervare is."

Sien u wat het ons aan die Woord van die Here. Dit bring lig op ons probleme.

Dit beantwoord vrae oor ons stand in die lewe.

Dit gee insig aan almal.

Insig oor waar ons vandaan kom, insig oor waarheen ons gaan. Insig oor ons eie stryd hier op aarde. Insig oor lewe en dood.

Ps. 119:160

Op U woord kan 'n mens hom geheel en al verlaat.

Dit bevestig weereens die volmaaktheid van God se Woord. Sy Woord is waarheid. Sy Woord is wysheid. Sy Woord is iets waaroor 'n mens kan bly wees soos iemand wat 'n groot skat in die hande gekry het. (Ps. 119:162).

God is naby aan u — Hy praat direk met u deur Sy Woord. Sy Woord is 'n oop boek — u kan dit self sien, self lees, self glo!

God se Woord het ook vlees geword. Sy Woord het mens geword en het onder ons kom woon (Joh. 1:14). Ja, my goeie vriend — Jesus Christus is God se Woord.

Sy Woord wat daar was van die begin af, deur wie alles ontstaan het. Sy Seun Jesus Christus is die lewende Woord wat ook na u toe kom om by u te kom woning maak.

U is nie alleen nie. Jesus het gekom om elkeen wat aan Hom behoort te kom haal. Jesus het ook gekom om naby u te wees.

Nou praat en roep Jesus u deur Sy geskrewe Woord. Luister net, hoor net! Dit is Jesus se stem wat u hoor!

Kyk net, lees net! Dit is Jesus se Woord wat u sien!

Die plek waar u Sy Woord hoor is in die KERK. Daar word Sy Woord geles. Daar word Sy Woord oopgemaak. Daar word Sy Woord gepredik. Daar word self uit Sy woord gesing.

God is so naby aan u soos wat Hy Hom in Sy Woord aan u openbaar, vir u en my om God te ken en in Hom te glo.

Kan u saam met my bely:

Ps. 119 . 140

U Woord is baie suiwer

ek het dit lief.

Het u God se Woord lief?

***Ds. Leo van Schaik***

# DIE HERE IS NABY DEUR SY GENADE

Psalm 41.

Mooiweersvriende kry mens baie.

Wanneer dit met jou goed gaan is hulle altyd naby jou om saam te deel in jou voorspoed en vreugde. Wanneer die nood jou tref deur siekte of allerlei rampe is hulle ver weg. Dan vergeet hulle van jou. Dan moet jy alleen die stryd stry. Dan moet jy self sien, kom reg. Sulke vriende is net naby wanneer hulle self voordeel daaruit kan put.

Selfs tydens 'n baie ernstige siekte kan 'n mens so maklik wegsink in diepe eensaamheid. Dit mag dan soms vir jou voel of mense jou wegstoot, of jou vriende jou vergeet het en of die Here jou verlaat het.

In Psalm 41 maak die Here Hom aan ons bekend as die God wat ook in nood naby Sy kinders is. God is vir Sy kinders geen mooiweersvriend nie. Hy is nie net naby wanneer dit goed gaan nie. Inteendeel die Here is baie meer as selfs 'n goeie vriend in nood. Sy nabyheid in nood is nie net 'n blote teenwoordigheid nie. By Sy gelowige kind is die Here altyd naby in Sy reddende krag en dit alleen deur Sy genade.

Dawid, die digter van Psalm 41, is dodelik siek. Sy vyande verheug hulle in sy nood en probeer hom dood wens. Selfs sy beste vriend op wie hy vertrou het, het hom in die rug gesteek.

Met die besef van sy eie nood, besef hy ook dat die Here sy swakke kinders altyd bystaan. Dit gee die digter vrymoedigheid om voor God te pleit. Hierdie vrymoedigheid berus egter nie op enige goedheid of verdienstelikheid van sy kant nie. Dit berus alleen op die wonderlike feit dat hy kan pleit op God se genade ongeag sy siekte en sonde. Hy roep dan ook: "O Here, wees my genadig! Genees my, want ek het teen U gesondig." Hierdie vertroue in die Here wat by Sy kind bly, word aan die einde van die Psalm opnuut bevestig as Dawid dit uitjubel!

"U hou my vas en laat my altyd by U bly, Aan die Here, die God van Israel, kom die lof toe tot in die allerverste toekoms."

Die grootste bewys van God se genade waardeur Hy altyd naby Sy kind bly vind ons in Jesus Christus. Hy het vanweë ons sondes, ter wille van ons, die diepste nood, naamlik die lyding van die hel ingegaan aan die kruis op Golgota. Vriend en vyand het Hom verlaat. Hy het selfs uitgeroep:

"My God, my God, waarom het U My verlaat?" Ter wille van ons het Hy ook gesterf en uit die dood opgestaan. Daardeur kan elkeen, wat in Christus glo as die enigste volkome Verlosser, weet dat die Here God hom nooit sal verlaat nie.

Deur Sy genade in Jesus Christus is Hy nou in alle omstandighede altyd naby Sy kind.

***Ds. Sarel Cilliers***

# U IS MY HULP EN MY REDDER

Ps. 70:6

In my benoudheid en my hulpeloosheid moet ek op God bly vertrou, want Hy is my Hulp en my Redder — dit is wat Ps. 70 ons wil leer.

Ook in my grootste beproewings en in die donkerste tye van my lewe, kom die Here my met Sy verlossing tegemoet.

Die Here is naby aan diegene wat op Hom vertrou.

Toe hierdie Psalm geskryf is, was die digter daarvan in groot benoudheid en angs.

Sy omstandighede was haglik en sorgwekkend.

Hy voel homself hulpeloos en arm.

Hy het in groot ellende verkeer.

Waarskynlik was hy ernstig siek, en boonop was daar vyande en teenstanders wat hulle in sy smart verlustig het, wat hom bespot en sy ondergang wou sien, en wat selfs sy lewe wou neem.

Die Psalmdigter Dawid het 'n veelbewoë lewe gehad - vol beproewing, bedreiging en gevaar.

Maar hy het die Here geken as sy Hulp en sy Redder,

- as dié God wat help en beskerm en ondersteun,
- as dié God wat uitred en verlos.

En soos wat hy dikwels in die verlede, reeds van sy jeug af, gedoen het, wend hy hom ook nou in sy benarde omstandighede tot die God van sy heil.

Want hy wéét: by God is uitkoms teen die nood!

As ellendige en behoeftige bekla hy sy nood by die Here, en pleit dat God tog nie moet talm om te help nie.

Ps. 70 is 'n gebed wat gebore is uit die ernstige benoudheid van die digter,

- 'n Psalm wat spreek van sy diepe afhanklikheid van God,
- en van sy oorgegewe vertrou op Hom.

Here, U is my Hulp en my Redder!

So het die Here Jesus Christus ons ook voorgedaan in vertrouensvolle afhanklikheid van God in sy grootste ellende.

Selfs in daardie bittere oomblikke aan die kruis, toe Hy van God en mens verlate was, het Hy op God bly vertrou en Homself in diepe afhanklikheid aan die wil van Sy Vader oorgegee. Hy het Homself as 'n offer van toewyding aan die Here gegee. Ter wille van elkeen wat glo, het Hy gesterwe en uit die nood opgestaan, sodat elke gelowige hom in volle vertrou, geheel en al aan God kan oorgee, in die wete dat Hy hulle nooit sal verlaat nie.

In geloofsvertroue kan ek dus onder alle omstandighede by die Here skuiling vind:

- In die daaglikse gang van my lewe,
- In die grootste beproewings en smarte,
- Selfs wanneer ek die doodsvallei moet betree,
- En ook wanneer ek eenmaal voor die Regterstoel van God te staan kom.



Daar kom tye van wroeging en donkerheid in elke mens se lewe, tye waarin ek in my geloofsvertroue tot die uiterste beproef word.

Die laste word vir my te swaar

- die ellende te groot
- my eie ongeregtigheid te veel
- die vyandskap van mense te nydig.

Moedeloosheid en vertwyfeling oorweldig my soms.

Maar as gelowige kan ek dan net soos Dawid van ouds tot God roep:

"Here, kom my tog gou te hulp!",

- kan ek aan Hom vasgryp en op Hom bly vertrou.

En dan weet ek: Die Here sorg inderdaad vir my. Ter wille van Jesus Christus sien Hy my in genade aan. Deur die Heilige Gees lê Hy beslag op my lewe, en maak Hy my bewus van my diepe afhanklikheid van Hom. Hy skenk my die wedergeboorte, en leer my om in alle omstandighede op die lewewekkende God te vertrou — al word ek skynbaar aan ondergang of eie dood uitgelewer.

Al is ek ellendig en behoeftig, al is ek hulpeloos of arm, God is my Hulp en my Redder!

***Ds. Pieter van der Walt***